

1. Lees en leestegnieke

Om te kan leer moet jy kan lees.

Dit is waar ons groot probleem lê. Ons lees soms so stadig, dat ons brein verveeld raak en belangstelling verloor.

Deur gereeld te lees en lees oefeninge te doen, stimuleer ons die brein en oefen dit. Ons versterk die kennis wat ons het en voeg kennis by.

Hoe lees ons normaalweg?

- Met "klanke" – ons "hoor elke woord wat ons lees.
- Woord-vir-woord – ons lees nie 'n groep woorde saam nie.
- Oogstoppe – ons oë stop te veel kere in 'n lyn of 'n bladsy

Die metodes verhoed dat ons vinnig en effektief kan lees. Daarom sal ons ook langer neem om te leer. As gevolg hiervan skryf kinders langer aan huiswerk, want hulle skryf letter-vir-letter, veral as hulle iets afskryf!

Wat moet ons doen?

Ons moet ons oë leer om net 2-keer in 'n lyntjie te stop en ten minste 3-5 woorde op 'n slag te lees. Met ander woorde die oogspan verbreed

Byvoorbeeld:

Wat sien ek
daar op die
bult? 'n Ding
lyk wit in die
sonlig. Dit lyk
Soos 'n tent

